FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/01
Reading

Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Vraag 1: Skryf antwoorde in hulle eie woorde wat duidelike begrip van die vrae en die teks toon.
- In Vraag 2: Skryf 'n kernagtige opsomming en 'n gemotiveerde vergelyking in goed versorgde taal en in hulle eie woorde.

Algemene kommentaar

Dit moet sterk onder kandidate se aandag gebring word dat hulle hul eie inisiatief moet gebruik om groter blootstelling aan Afrikaans te kry – hulle móét boeke, tydskrifte en koerante lees om hul woordeskat uit te brei en Afrikaans idiomaties te leer gebruik.

Kommentaar op spesifieke vrae

Vraag 1

(a) Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord. Sommige het egter die punt verbeur omdat hulle nie genoem het dat 'n legende soos Jane Goodall wêreldbekend is nie.

(b) Heelwat kandidate het nie daarin geslaag om drie punte vir hierdie vraag te kry nie. Hulle moes drie (van vier) spesifieke en sinvolle ooreenkomste tussen Fossey en Goodall noem.

(c) Kandidate moes eerstens onthou om hul antwoord slegs op paragraaf 7 te baseer en tweedens dat die vraag uit twee dele bestaan, naamlik die skrywer se houding teenoor sjimpansees in gevangenskap en sy houding teenoor mense wat sjimpansees aanhou. Twee punte was vir die skrywer se houding teenoor sjimpansees in gevangenskap en een punt vir sy houding teenoor mense wat sjimpansees aanhou. Kandidate kon baat deur die vraag aandagtiger te lees.

(d) Kandidate moet herinner word dat hulle die uitdrukkings moet omskryf soos dit in die teks gebruik word. Daar was vanjaar egter minder kandidate wat die uitdrukkings in hulle eie sinne gebruik het.

(e) Die meeste kandidate het verstaan dat hulle spesifiek na die teks moes verwys om hierdie vrae te beantwoord en het redelik tot baie goed gevaar. 'n Minderheid het probeer om hul eie algemene kennis te gebruik om die vraag te beantwoord en dus geen punt behaal nie.

(f) Die antwoorde vir hierdie vraag was versprei deur die teks en kandidate moes holisties na die teks kyk om vier maniere neer te skryf waarop Goodall se werk onder die publiek se aandag gebring word. Hulle kon beslis nie woordeliks uit die teks neerskryf nie.

(g) Hier moes die kandidate 'n waardeoordeel oor die titel uitspreek en dit motiveer. Hulle moes aandui waarna die titel verwys en of hulle dit as doeltreffend beskou.

Vraag 2

Verskeie kandidate het goed in die opsomming gevaar, hoewel sommige nie verstaan het dat hulle nie 'n algemene opsomming moet skryf nie, maar die tekste moet vergelyk en kontrasteer. Party kandidate het ook nie na die ooreenkomste en verskille in die tekste se styl en doel verwys nie.

Algemene punte waarna opgelet moet word:

© 2015

- Kandidate moet fokus op wat spesifiek in die opdrag genoem word.
- Stelwyses soos die volgende kan gebruik word:

    - In albei tekste ...
    - Albei tekste ...
    - In Teks 1 word ..., maar in Teks 2 ...
    - Teks 1 ...; Teks 2, daarenteen, ...
    - Teks 2 ..., terwyl Teks 1 ...

- Kandidate moet genoeg spesifieke inligting verskaf.
- Kandidate moet na genoeg verskille en ooreenkomste verwys.
- Kandidate moet sover moontlik hul eie woorde gebruik.
- Kandidate word daaraan herinner om volsinne in goed gestruktureerde paragrawe te gebruik.
- Kandidate moenie aanhalings gebruik om hul stellings te staaf nie.

© 2015

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/02
Writing

Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate:

- seker te maak dat hulle redelike kennis van, of insig in die onderwerp kan wys, anders moet hulle liewer 'n ander onderwerp kies
- menings en argumente in beredenerende en argumenterende opstelle met bewyse te motiveer
- hul opstelle te proeflees.

Algemene kommentaar

Dit is verblydend dat 'n aantal kandidate daartoe in staat was om idees vlot uit te druk. Hulle beskik oor die nodige woordeskat om hul gedagtes in goed gekonstrueerde sinne weer te gee en het min ernstige foute begaan. Die inhoud van hierdie opstelle was voldoende, punktuasie is meestal korrek en funksioneel gebruik en die opstelle het ook voorbeelde van kritiese taalbewustheid getoon.

In opstelle van middelmatige gehalte is nie deurgaans daarin geslaag om die gedagtes doeltreffend oor te dra nie, hoewel die idees meestal toepaslik was en beplanning gedoen is. Die inhoud van sulke skryfstukke was dan dikwels nie duidelik en samehangend genoeg nie, en die taalgebruik en aanbieding nie altyd bevredigend nie. Hier het ook soms hinderlike spel- en leestekenfoute voorgekom. Soms was leestekens afwesig of is kommas foutiewelik tussen twee hoofsinne gebruik, met slegs 'n punt aan die einde, byvoorbeeld: "Hier is 'n foto van ons troue dit was die lekkerste dag van my lewe, my vrou het so mooi gelyk ek ook."

Die inhoud van ondergemiddelde opstelle was deurgaans 'n herhaling van beperkte idees. Die gedagtegang kon egter meestal nog gevolg word. Sulke opstelle het baie taal-, leesteken- en spelfoute bevat, hoewel pogings gewoonlik aangewend is om sinne in paragrawe te rangskik.

'n Aantal swak opstelle getuig daarvan dat sommige kandidate Afrikaans nie op eerstetaalvlak doeltreffend kan gebruik nie omdat hulle nie oor die nodige woordeskat en kennis van taalstrukture en -konvensies beskik nie, en waarskynlik te min blootstelling aan die taal kry. In hierdie opstelle was daar ernstige foute, wat betekenis beïnvloed het.

Dit is goed dat die meeste kandidate hul opstel beplan het, onder andere deur 'n kopkaart te gebruik, of puntsgewys.

Die meeste opstelle het aan die lengtevereistes voldoen en dit is goed dat die kandidate die woordtelling aandui.

Daar moet aandag gegee word aan die volgende aspekte ten einde die standaard van skryfwerk te verbeter:

- Kandidate moet waak teen idiome wat verkeerd gebruik word ("Elke foto het vir my lewenslesse geleer wat ek sal onthou totdat die perde horings kry") en woorde wat dikwels met mekaar verwar word ten opsigte van betekenis, bv. "vinnig" en "vlugtig", "stip" en "stiptelik", "vereniging" en "eenheid", "sing" en "sang" (die werkwoord en die selfstandige naamwoord).
- Foutiewe spelling, soos "moelik", i.p.v. "moeilik"; "vokus" i.p.v. "fokus, "friend" i.p.v. "vriend", "voute" in plaas van "foute", "aanhouend" i.p.v. aanhoudend", "moeilikyt" i.p.v. "moeilikheid"; "einige" i.p.v. "enige".
- Spelfoute waar samestellings los geskryf word: "rond kyk" i.p.v. "rondkyk"; "draf klere" i.p.v. "drafklere".
- Spelfoute ten opsigte van die gebruik van die deelteken kom baie algemeen voor: Die kandidate moet leer wat die funksie van 'n deelteken is, naamlik om vokaalletters wat langs mekaar in 'n woord

© 2015

staan en wat as een klank uitgespreek kan word, in twee lettergrepe/klanke te verdeel, bv. treë, maar “visuele” (sonder deelteken, want dit is onnodig).

- Die foutiewe gebruik van “met dit” en “oor dit”, “op dit”, “van dit” in plaas van *daarmee, daaroor, daarop* en *daarvan.*
- Foutiewe gebruik van betreklike voornaamwoorde, soos “wat hy mee” gesels i.p.v. “met wie” hy gesels, mense “waarvoor” hy lief is i.p.v. “vir wie” hy lief is.
- Foutiewe taal, soos: hy “was” gebore, i.p.v. hy “is” gebore.
- Leestekenfoute kom baie algemeen in die opstelle voor: Die komma is meestal weggelaat tussen werkwoorde (gesegdes) in sinne en voor die voegwoorde want en maar waar daar ‘n ruspunt in die sin voorkom. ’n Komma word dikwels foutiewelik tussen hoofsinne gebruik in plaas van die kommapunt, bv.: “Ek sal nooit my boeke kan verkoop nie; hulle beteken vir my baie.” (Dit kan ook twee afsonderlike sinne wees, elk met ’n punt aan die einde.)
- Die gebruik van “daai” in plaas van “daardie” moet ontmoedig word.
- Besluite word “geneem” nie “gemaak” nie” Die woord verskyn in die opstelonderwerp by **vraag 1 (b)**, maar kandidate het in hul opstelle byna deurgaans “maak” gebruik in plaas van “neem”.
- Dit is toutologies om te sê: “In my opinie dink ek.”

Dit is noodsaaklik dat skryfvaardighede baie gereeld geoefen word. Die nasien van skryfstukke is tydrowend, maar as kandidate terugvoering ontvang oor hul werk en sommige foute kan uitskakel, sal hulle vordering maak en beter resultate behaal.

Kommentaar op spesifieke opstelonderwerpe

Afdeling 1: Beredenerend en argumenterend

Vraag 1

(a) Aangesien dit ’n beredenerende opstel was, moes kandidate menings uitdruk oor hoe mense deur mure beskerm kan word, maar ook soms daardeur verhoed word om ten volle te leef. ’n Hele aantal kandidate het daarin geslaag om die onderwerp bevredigend te bespreek en oorspronklike argumente aan te voer. In sommige opstelle is skoolmure gesien as iets wat wel inperk, maar mense van onkunde bevry en die poort na ’n goeie toekoms is. Die onderwerp is soms figuurlik benader.

(b) Dit was ’n gewilde onderwerp. Die meeste opstelle hieroor het gefokus op die kies van skoolvakke (selfs die keuse om skool toe te gaan), ’n beroep, vriende en ’n lewensmaat, of die keuse tussen ’n “lekker” lewe of toewyding en harde werk. Soms was die inhoud ’n herhaling van die redes waarom ’n mens die regte besluite moet neem of wat jy in die verskillende fases van jou lewe moet leer.

(c) Die kandidate wat hierdie onderwerp gekies het, heg duidelik baie waarde aan boeke en lees. Hul opstelle het hiervan getuig, want hulle het oortuigende argumente gebruik en interessante menings uitgespreek. Gepaste taalgebruik en styl het verder daartoe bygedra dat hierdie kandidate goeie punte vir die skryfstukke behaal het. Enkele kandidate het interessante sienings oor die onderwerp gehad. Party van die skryfstukke was slegs argumenterend van aard. Daar is onder andere aangevoer dat papierboeke geen kans het om te oorleef nie. Ander kandidate het egter gereken dat ’n tablet met boeke daarop baie makliker is om rond te dra, maar dat ’n mens tog ook die koste van die toestelle en internetgebruik as jy daarvoor betaal, in aanmerking moet neem.

(d) ’n Klein aantal kandidate het hul standpunte oor hierdie saak bespreek en gepoog om op hierdie punte uit te brei en dit te motiveer. Enkeles het hulle sterk en oortuigend uitgedruk ten gunste van tugtiging.

Afdeling 2: Beskrywend en verhalend

Vraag 2

(a) Min kandidate het hierdie beskrywende opstel aangepak. Om met woorde ’n “prent” te teken van iets of iemand, moet woorde en beelde gekies word wat die leser in staat stel om die onderwerp wat beskryf word, self te ervaar en die regte atmosfeer skep. Sommige kandidate wat hierdie onderwerp gekies het, het egter oor ander mense se herinneringe in die algemeen geskryf. Dit moes gegaan het oor die skrywer se eie emosies wat deur sekere kleure en geluide gewek word.

© 2015

(b) Hierdie onderwerp vereis ook 'n beskrywende opstel en soos met **vraag 2(a)** het 'n aantal kandidate dit nie goed vertolk nie, want daar is gevra dat hulle moes skryf oor foto's wat hulle self geneem het, nie oor foto's in 'n album, bv. van hulleself as kleuters, of geliefde mense nie. Dit is egter verblydend dat hier tog 'n aantal verdienstelike skryfstukke was, met logiese ontwikkeling van besonderhede.

(c) Die kandidate moes 'n verhaal skep oor iets wat met 'n karakter gebeur het. Gewoonlik kan so 'n storie vanuit enige perspektief vertel word. Sommige kandidate het egter nie oor die nodige woordeskat beskik en doeltreffende verhale geskryf nie.

(d) Die idioom in die opstelonderwerp is soms verkeerd vertolk, wat veroorsaak het dat so 'n opstel nie verdienstelik genoeg is nie. Oor die algemeen het kandidate tog daarin geslaag om 'n verhaal om die tema te bou, naamlik dat ander plekke of omstandighede dikwels vir mense beter of aantrekliker lyk as hul eie en hulle dit begeer, maar dan later besef dat dit nie so goed of wonderlik is soos hulle gedink het dit sou wees nie.

© 2015